

Sondag 16 November

Skrifgedeelte: Kolossense 2:1-15

Fokusgedeelte: Kolossense 2:14, 15 (AFR83)

Jubel saam met Christus oor sy groot oorwinning oor alle bese magte

1. Christus het aan die kruis vir ons sondes gesterf. 2. Iemand het so pas een miljoen rand in my rekening inbetaal. Watter een van die twee stellings bring die meeste beroering in jou binneste? Moontlik die tweede stelling? – want so maklik word die eerste stelling ou nuus, 'n ou waarheid waarvan 'n mens naderhand byna emosieloos net kennis neem.

Beleef die woorde van vers 14 en jubel weer asof jy nou die grootsheid daarvan beleef dat Christus jou skuldbewys aan die kruis gespyker het en al jou skuld uitgewis het. Nooit mag dit ou nuus word nie. Leef naby God, dan sal sy groot verlossingsdade jou diep raak. Christus se groot daad van verlossing moet elke dag jou moed en jou krag wees en jou rede om te jubel.

Elke dag moet vir God se kind soos 'n triomftog van oorwinning wees. Wanneer die leërhoof destyds 'n groot oorwinning oor die vyand behaal het, en sy soldate 5000 man of meer gedood het, en nuwe grondgebied vir die Romeinse keiser verower het, is die oorwinning roemryk gevier. Die leërhoof het op 'n strydwa met goud oorgetrek hierdie triomftog soos 'n optog deur Rome gelei, en hy was die middelpunt van alle eer – omring deur sy offisiere en manskappe. Luide musiek het die vreugde uitbasuin. Konings of manskappe wat gevange geneem is, is agter die krygswa vasgemaak om die verslane en ontwapende vyand in hierdie optog vir almal te wys.

Christus is jou Leërhoof wat oorwin het. Kom deel in sy optog van oorwinning, jy is een van sy soldate! Elke erediens, elke loflied, elke gebed, elke doop en nagmaal, en elke daad in jou lewe is 'n jubelende oorwinningstog van hoop en vreugde saam met Hom. Jy deel voluit in hierdie vreugde van verlossing.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 5, 6
Ds. HJ (Hennie) Briel (Kimberley/Boshof)*